Die Krugertjie

Gereformeerde kerk Pretoria(d)
www.gkpretoria.org.za OF
www.gk-pretoria.weebly.com
Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdae)
E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks:0123265287
Skriba:Oudl. Andries du Plessis 0123268154
Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar
012- 3233194
Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745
Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106
Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster 0823772108
Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

25 Mei 2014

EERSTE EREDIENS–(9h00)
(Nagmaal)
Skriflesing: Mattheus 24:29-35
Teks: Mattheus 24:30,35b
Sing: Ps. 68:2,3; Ps. 78:3; Ps. 86:9; Ps. 23:3; Ps. 116...; Ps. 98:4

HY IS SELF DIÉ TEKEN

Ons lees dat met Christus se wederkoms 'n teken van die Seun van die mens in die hemelruim sal wees.

Presies wat die teken sal wees is nie so duidelik soos brood en wyn nie, maar dat dit wel die Seun van die mens sal wees en Hy die wolk as vervoermiddel weer hierheen aan ons voorstel. Dié wolk wat seker as teken op iets baie groter as net 'n wolk sal wys. Dit wys op groot krag en heerlikheid .

Op die einde is die teken Hy wat Jesus Christus Self is. Die Seun van die mens, Hy is Self die teken.

KATKISASIE– Geen katkisasie vandag
Katkisasie lesse vir Laerskool op internet beskikbaar by http://bit.ly/JQjBz4

TWEEDE EREDIENS
(Nabetragting)
Skriflesing: Markus 13:24-32
Teks: Markus 13:28
Sing: Ps. 24:1,2; Ps. 21:7; Ps. 31:15,17

IS DAAR 'N DERDE WÊRELD-OORLOG OPPAD?!

Ons toekoms, ons rol, ons roeping in die land, dit wat nog vir ons voorlê kan ook nie van die Profetiese rede losgemaak word nie.

Veral nie as ons dalk mag dink maar ons is beter as hierdie Joodse volk, dan moet ons beslis vir onsself op die hoede wees.

Dit wat Jesus dikwels sê – *wees vir julleself op die hoede...* ja dit is 'n refrein dwarsdeur die Rede dat ons dikwels hoor...pasop...pasop ... Pasop vir jouself!

EREDIENS MET HEMELVAART-29 Mei
DONDERDAG– 18h30
Diensbeurte– Wyke12 en 14
Ouderlinge Boere Smit en Flip Minnaar
Diakens Bernard Vorster

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by http://bit.ly/XmtQM2
Eredienste in klank kan geluister word http://bit.ly/TettoI
Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by http://bit.ly/12P9mzH

Predikant:
Ds. Petrus Venter
012– 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt vandag Wyke 10 en 11(sluit in susters skinkbeurt)
Ouderlinge: Ulbe de Ronde en Andries du Plessis
Diakens: Henry Foster en Stephan du Plessis
Diensbeurt (01/06) (Wyke 16 en 17)
Ouderlinge: Rudolf Bester en Frank Laubscher
Diakens: Abrie Möller en Adrianus Coertze

DRA *MEKAAR* SE LASTE EN DEEL *MEKAAR* SE VREUGDES... .

Br Dries de Ridder bly in ons gebede in sy swaarkry en benoudheid. Hy is weer terug by die huis. Onder omstandighede is daar 'n klein verbetering maar hy is nog baie swak en kry baie swaar. **Ds. Andries Mulder** wat swaar dae deurgaan bid ons dat die Here hom naby sal wees. Ons dink ook aan sr Henta wat hom moet bystaan. Die operasie wat 22 Mei sou plaasvind is onbepaald uitgestel. Die vertroue is dat dat wel dan later gedoen sal kan word. Sr **Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar. **Sr Marie du Rand** vroeër van ons gemeente, nou in Gobabis moet baie dringend haar woonstel in Prestige park verhuur kry. n Baie ruim woonstel in 'n gesogte blok is beskikbaar teen R4500 per maand. Belangstellendes kan met oudl. Andries du Plessis skakel.

ETE NÁ NAGMAAL

Ons eet vandag weer as gemeente saam soos wat ons graag na Nagmaal gewoonlik saamkuier en saameet. Die spyskaart soos ooreengekom lyk as volg- ***Bring piekniekmandjie, enige soort bredie, pampoen- of patatgereg, rys, enige groen groentegereg, broodjies, nagereg en drinkgoed***

KLEINE MUISIES LANG STERTE

Baie keer is dit klein sakies wat tog groot steurnisse kan veroorsaak. Daar is versoek dat ons almal oproep om nie in die regkry van u kollektegeld so daarna te soek en die soektog so 'n geraas veroorsaak dat met die slotseën wat wesentlik belangrik vir die erediens is dat ander deur die geluid van geld mag voel hulle word benadeel by die voorreg om God se seën te hoor en te ontvang nie.

OOP GESPREK-

Voorlopig wil ons die oop-gesprek DV. op Saterdag 21 Junie 2014 aanbied. Ds. Ronald Bain is genooi om by die geleentheid op te tree. Hy sal met ons praat oor ***die plek van die man in die Kerk.***

KOLLEKTE

Vandag: **1ste diens** **2de diens**	Paul Kruger Kinderhuis DVB	Emeritaats-fonds Instand-houding
01/06/2014 **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Zambië Instand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
25/05	Nagmaal
29/05	Hemelvaart (Erediens 18h30)
17/06	Finans-Advies vergd
19/06	Kerkraadsvergd
21/06	Oop gesprek– Ds. Ronald Bain-

GEMEENTE-KAMP

Ons wil graag almal se aandag vestig op die gemeentekamp wat DV hierdie jaar die naweek van 19-21 Sept. gehou sal word. Die nodige besonderhede is alles op die kennisgewingbord aangebring. Dit is belangrik dat ons vroegtydig die name inkry en die nodige bespreking maak. Die plek wat ons die jaar na wil gaan is pragtig maar daar is blykbaar beperkte plek. Ons is dankbaar vir br Boere wat weer vir ons die reëlings hierrondom in plek kry. Hy kan gekontak word by 0834823303

SUSTERS EN PAUL KRUGER - KINDERHUIS

Ons vra steeds vir onbederfbare produkte en blikkieskos vir die kinderhuis. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas. Diegene wat getrou hiertoe bydrae word bedank. Daar het deur die jaar heelwat produkte op die manier hulle weg na die kinderhuis gevind.

Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae.

Die susters bedank almal vir hulle donasies in susters se donasiekas by die teeskink....

DIE EVANGELIE: MATTHEüS

Vervolg van verlede week

MATTHEüS 16

16:25, elkeen wat sy lewe wil red – Die volg van Christus gaan nie noodwendig vir alle Christene martelaarskap bring nie, maar die gewilligheid daartoe moet daar wees. Nie net letterlik die aflê van ons lewens nie, maar die afskei van die wêreldse dinge, spot en vernedering, álles tel as die prysgee van lewens aan Hom.

Hierdie vers word deur Totius genoem in `n artikel oor die lewe van Pres Kruger. Hy antwoord die vraag of Kruger dan nie eintlik die stryd teen die Engelse verloor het nie: Wat is "verloor" ? "Daar is ook `n verloor van die lewe om dit te vind" (Mat 16:25). Kruger het geglo in God en Sy Woord. Sy fondament het vas gestaan. Sy gebruik van die Skrif was nie onopregtheid (of dweperigheid) *nie.*

Daarom kon Kruger ook met oortuiging stel dat God nie sal laat vaar, wat Hy eenmaal begin het nie. Hy sê dat die HERE sal wen. Die aardse uitkoms van sake is nie die einde van alle dinge nie.

Om in navolging van die Here te sterf, beteken om ewig met Hom te lewe.

16:26-27, die hele wêreld win – Moenie dinge versamel hier waar mot en roes verwoes nie, maar soek die hemelse skatte. Aardse besittings koop nie saligheid nie.

In Nov 1942 verskyn `n artikel in die Kerkblad, waarin na die Engelse "empire"-gees verwys word. Wapengeweld gaan al hoe meer om gierigheid – oor die hele aarde. Oor die uitkoms van die Tweede Wêreldoorlog het hy ook nie groot verwagtings gehad nie. Dit sou beslis nie `n "beter wêreld" bring nie. Wat baat dit dan om die hele wêreld te win as jy aan jou siel skade ly ?

Jesus gebruik in hierdie vers nie die woord "siel" in teenstelling met "liggaam" nie. Dit verwys hier na die ganse lewe. *`n Volheidslewe sal net gevind word op die weg deur God gewil. Dit geld vir persone, maar ook vir nasies. "Alleen die geregtigheid wat uit God is, kan `n volk duursaam verhoog."*

Losprys . . . vergeld – Geen dade uit ons self sal redding bring nie, tog sal daar `n genadeloon wees.

16:28, die dood nie sal smaak – Word hier nou al ewige lewe aan sommiges belowe ? Allermins ! Een aanvaarbare verklaring is dat Christus hier praat van die val van Jerusalem in die jaar 70. In die Profetiese Rede het Hy die lyn van hierdie gebeurtenis af getrek na die Voleinding, waarvan dit profeties is. Die val van Jerusalem het in hom reeds elemente gedra, waaraan ons die laaste dae sal herken.

Tog is die eintlike betekenis (volgens BVA) dat hulle Sy opstanding en hemelvaart sal belewe.

MATTHEüS 17

Verheerliking op die berg

17:1 – Waar Jesus Sy komende lyding bekend gemaak het, en Petrus streng vermaan was toe hy gesê het hy sal nie toelaat dat dit gebeur nie, gebeur daar nou iets vir die latere versterking van die Dissipels. Ons moet, soos die Dissipels, uit hierdie gebeure leer dat Christus se lyding nie uit swakheid was nie, maar `n triomfantlike en heerlike gebeurtenis.

Jesus hou steeds die kring, van die wat hoor van Sy komende lyding en heerlikheid, klein. Selfs onder die dissipels word van die leidende figure van later uitgesoek. Hulle was ook by as getuies by die opwekking van Jaïrus se dogtertjie uit die dood, en was teenwoordig by Christus se lyding in Gethsemane.

Hulle was eerstens Petrus, wat volgens oorlewering en sy briewe leidend in die Christendom saam met die ander opgetree het (Hand 2, ens). Hy was die man van energie en ywer. Dan Johannes, `n besonder geliefde by Christus, wat volgens oorlewering jare langer as die ander sou werk in die jong Kerk – veral in Efese. Hy sou ook die Openbaringe namens die Kerk ontvang en die laaste Bybelboek skryf daaroor. Jakobus, die broer van Johannes, het tot met sy dood as martelaar die leiding in Jerusalem geneem.

`n hoë berg – spekulasies oor watter berg dit was, het geen nut nie. God het dit verborge gehou, gedagtig die mense se latere verafgoding van plekke wat Jesus sou besoek het. Behalwe dat die HERE in daardie tyd die tyd vol en geskik gemaak het vir Christus se koms en werk, was dit nie verniet dat dit plaasgevind het in `n tyd waar kamera's en selfone (soos vandag) alles kon vasvang nie: Christus *mag nie* afgebeeld word nie. Hy is God. Dit kon in elk geval nie die berg Tabor wees nie, want daar was vestings en ander geboue op. Dit kon moontlik Hermon gewees het.

Word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

9 Mei 1872– Danie Theron gebore; *9 Mei 1883*– Paul Kruger as staatspresident ingesweer; *10 Mei 1945*– Sanger Koos du Plessis gebore; *12 Mei 1898*– Paul Kruger die laaste keer as staatspresident ingesweer; *12 Mei 1652*– Die eerste Nagmaal in SA bedien deur ds. J Backerus; *12 Mei 1859*– Gerf kerk Reddersburg gestig; *14 Mei 1699*– Goew Rijk Tulbach gebore ; *14 Mei 1996*– Skrywer Elsabe Steenberg oorlede; *22 Mei 1875*– Dr. DF Malan gebore; *22 Mei 1879*– Ds. Dirk Postma as Teol prof. bevestig; *26 Mei 1794*– Ds. Andrew Murray gebore; *27 Mei 1564*– Johannes Calvyn oorlede; *28 Mei 1856*– Nonnie de la Rey (Greeff-egg Koos de la Rey) gebore; *28 Mei 1911*– Ds. SJ du Toit oorlede

BEROEPENUUS— 25 Mei 2014
Beroepe ontvang
Ds. AN du Plessis van Postmasburg na Worcester
Ds. H.C. van Rooy van Randburg na Rietvallei as medeleraar
Beroepe bedank
Ds. R Janse van Vuuren van Hendrina/Carolina-kombinasie na Phalaborwa

GELOWIGE NADENKE OOR DIE HEMEL (1) *Dr. WH Velema*
Die Bybel oor die lewe ná hierdie lewe

Ek is onlangs gevra om in 'n preek in te gaan op die vraag: hoe sal dit in die hemel wees? Dit was nie vir my moontlik om daarop 'nantwoord te gee nie. Met eerbied gesê: ek was nog nie daar nie en kan nie daaroor verslag gee nie. Paulus praat in 2 Korintiërs 12: 2-4 van 'n ervaring — "*Ek weet van 'n man in Christus, veertien jaar gelede — of dit in die liggaam was, weet ek nie, of buite die liggaam, weet ek nie, God weet dit — dat so iemand weggeruk is tot in die derde hemel. En ek weet van so 'n man — of dit in die liggaam of buite die liggaam was, weet ek nie, God weet dit — dat hy weggeruk is in die Paradys en onuitspreeklike woorde gehoor het wat 'n mens nie mag uitspreek nie".* In 1 Korintiërs 2:9 praat Paulus oor *"wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en indie hart van 'nmens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet"* — 'n verwysing na Jesaja 64:4. Die gevolgtrekking uit hierdie tekste is dat ons, mense hier op aarde, nie die onuitspreeklikheid van die grootheid en heerlikheid van God in die hemel kan bevat of omvat nie. Ons kan net daaraan dink en daaroor praat deur die woorde waarin God ons op hierdie aarde iets van die hemelse heerlikheid te kenne gee, na te spreek. Dié heerlikheid is te groot en te verhewe vir ons om hier op aarde 'n voldoende beskrywing daarvan te gee, al sou ons al iets daarvan gesien het. Paulus skryf selfs dat dit nie geoorloof is om die onuitspreeklike woorde uit te spreek nie.

Oor die titel

In die lig hiervan het ek 'gelowige nadenke oor die hemel'as titel vir hierdie artikels gekies. Hiermee bedoel ek dat ons, wanneer ons oor die hemel dink en praat, ons laat lei deur wat God daaroor in sy Woord geopenbaar het. Ek wil graag 'n aantal tekste noem (en soms nader toelig) waarin oor die lewe na hierdie lewe, dit wil sê oor die hemelse heerlikheid en oor ewige verderf, gepraat word. Ek noem met opset 'n aantal tekste uit die Ou Testament waaruit sal blyk dat daar ook in die Ou Testament die verwagting is van lewe met God ná hierdie lewe. Vervolgens gaan ek dan op die liggaamlike opstanding by die wederkoms van Christus in. Daarna gee ek aandag aan die beskrywing van die hemellewe waarin Christus die middelpunt is, en sluit af met 'n woord van persoonlike toepassing. *Word vervolg*

Baie geluk met u verjaarsdag

27/05– Jan Koole 0739729095	29/05– Robin Lorist 0823362278
27/05– Wimpie Theunissen 0829617454	** 01/06– Hendrik Boshoff* *0123230248 (0824060244)*
	*Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur * 80 jaar en ouer*

Help 'n man uit die modder uit en kyk of hy self sukkel om hom skoon te kry voordat jy hom in jou huis inneem – CJ Langenhoven